Wat sien jy?
18 Februarie 2024
Ds. PC Pretorius

pc.pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Ons dien 'n God wat 'n baie hoë premie stel aan gehoorsaamheid. Jesus is vir ons die voorbeeld toe Hy herhaaldelik gesê het Hy doen wat sy Vader van Hom verlang (**Joh. 4:34, 5:30, 10:18, 12:49-50, 14:31, 15:10**). Om sy voorbeeld te volg, beteken dat ons ook gehoorsaamheid hoog moet ag. Jesus leer dieselfde vir sy dissipels as Hy sê: "Wie my opdragte onderhou en hulle gehoorsaam, dít is die persoon wat My liefhet. Wie My liefhet, hom sal my Vader ook liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en Myself aan hom bekendmaak." (Joh. 14:21)

'n Geheim van God:
Ons raak in ons geloofslewe maklik vasgevang om dit oor onsself te laat gaan. My behoeftes, my gebedsversoeke, my geestelike groei, ens.
'n Geheim wat God aan ons verklap is dat die beste manier vir geestelik groei en naby aan hom te wees, is om meer gehoorsaam te wees aan sy hart wat Hy aan ons openbaar vir die gebroke wêreld. Kyk jy meestal in 'n spieël, of meestal deur 'n venster? 'n Spieël laat my introspeksie doen, maar 'n venster laat my sien wat ander se behoeftes is. Jesus se venster was om die wil van sy Vader te doen, en sodoende was sy wese om tot seën vir die wêreld te wees.

Gesels saam

Lees saam

Lees saam die tekste in Johannes soos in die inleiding genoem.
1 Timoteus 4:6-16
Wat sê God vir ons oor Homself en oor mense in hierdie gedeelte?
Kolossense 3:15-17
Wat sê hierdie gedeelte oor ons verantwoordbaarheid aan mekaar?

Hoe lyk dit as ek in die spieël kyk na my geestelike lewe? (Elkeen doen introspeksie oor ons geestelike fiksheid en geestelike dissiplines.)
Hoe lyk my venster benadering? Is ek besig, soos Jesus om tot seën te wees vir die mense om my. (Dink aan voorbeelde van jou afgelope week.)

Doen saam

Kry hierdie week 'n spesifieke geleentheid om vir iemand iets goed te doen. Dit kan wees om iemand geestelike te bemoedig, om vir iemand iets spesiaal te gee, om in gebed in te tree vir iemand, of om 'n geestelike gesprek met iemand te voer. Wees spesifiek gehoorsaam aan wat die Heilige Gees vir jou sê om te gaan doen.

Elkeen skryf dit neer in die kring, sodat ons volgende week kan hoor watter getuienisse en wonderwerke gebeur het.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Bid saam

- Bid vir ons elkeen se gehoorsaamheid in ons geestelike dissiplines en seën na die wêreld.
- Bid vir die nuwe kringe reeks wat by die kerk begin, sodat meer mense die seën kan beleef van gehoorsaamheid en verantwoordbaarheid.
- Bid vir gehoorsaamheid van mense om na God se stem te luister en deel te word van Sy Liggaam.
- Bid vir 5 ongeredde mense / mense wat sê hulle dien die Here, maar harte is nie aan die brand vir Hom nie.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035